

MOEDERGEMEENTE STELLENBOSCH

RIGLYNE VIR GETUIENISBETROKKENHEID

1. Ons maak seker dat daar passie onder 'n beduidende groep lidmate leef vir betrokkenheid by die spesifieke bediening.
2. Ons neem ligging in ag sodat daar 'n balans is tussen ons betrokkenheid "naby" en "ver" (volgens die Jerusalem, Judea, Samaria en die uithoeke van die aarde riglyn van Matt 28).
3. Ons maak seker dat die betrokke getuienisprojek 'n heel-mens benadering volg, dit wil sê aan die geestelike, emosionele én liggaamlike nood van mense na wie toe uitgereik word, aandag gee, maar sonder om die hoofdoel van die gemeente se strategie uit die oog te verloor. Ons kan nie alleen na die emosionele en liggaamlike nood van mense aandag gee nie, maar uiteindelik ook aan sy geestelike nood.
4. Ons maak seker daar is volhoubaarheid, kontinuïteit en inkulturasie by die bediening betrokke. Ons gee dus voorkeur aan bedieninge wat op 'n langtermyn-basis funksioneer en waar die betrokkenes deel word van die gemeenskap en die taal en kultuur aanleer.
5. Ons kyk na teologiese belyning, sodat ons voorkeur gee aan bedieninge wat in breë trekke ooreenstem met ons teologiese basis in die gemeente, hoe ons die Bybel verstaan en hanteer en hoe ons God en sy Koninkryk begryp.
6. Ons hou skaal in gedagte en sal ons eerder 'n groter betrokkenheid by enkele bedieninge voorstaan, sodat ons bydrae 'n groot impak kan hê as om by 'n klomp kleiner bedieninge betrokke te raak.
7. Ons sal onttrek uit bedieninge waar ons reputasie kan skade ly, by name waar daar nie bogenoemde teologiese belyning is nie, waar projekte nie volhoubaar is en 'n goeie strategiese raamwerk het nie of waar ons integriteit by wyse van assosiasie in gedrag kan kom.
8. Ons sal in ag neem of soortgelyke bedieninge reeds bestaan in die gemeenskap en daarby probeer betrokke raak en dit ondersteun.
9. Ons kyk na verskillende vlakke van betrokkenheid:
 - a. *Vennote* - ons ondersteun enkele bedieninge op 'n sterker basis, finansiëel en met 'n ondersteuningsgroep uit die gemeente, wat aan die gemeente en kerkraad oor ons betrokkenheid rapporteer.
 - b. *Vriende* - ons ondersteun sekere bedieninge deur die betrokkenheid van enkele lidmate by hierdie bedieninge en mag ad hoc finansiële of ander bydraes oorweeg.